



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Twee vissies in 'n bak deur Anna Emm

Almal weet dat goudvissies nie baie slim is nie. Hulle kan ook nie baie goed onthou nie. Hulle vergeet alles wat hulle sien en alles wat hulle hoor sommer baie gou weer. Hierdie is 'n storie oor twee sulke vissies in 'n bak.

Op 'n dag swem een van die vissies om 'n draai... en wat sien hy daar? Dis mos 'n ANDER vissie wat nes hy lyk! "Goeiemôre, vissie!" roep hy opgewonde uit en waai met sy vinnetjie. "Waar kom jy dan vandaan? Ek dag ek is alleen in hierdie bak!"

Die ander vissie is net so opgewonde. "Ek dag ook ek is alleen in hierdie bak! Bly om te sien jy is ook hier. Nou het ek darem iemand om mee te praat."

Die twee vissies is nou baie bly, en hulle swem 'n entjie saam. "Ek wonder wanneer gee die mense dan vir ons kos?" vra die eerste vissie. "Ek is baie honger. Ek dink ek het dae laas geëet!"

Net toe die ander vissie wil sê dat hy ook baie honger is, gaan die visbak se deksel oop, en gooi een van die mense vir hulle kos op die water. Dadelik swem die twee vissies boontoe en vreet gulsig aan die lekker viskos. Hulle eet en eet tot al die kos op is.

"Dit was nou lekker!" sê die eerste vissie. "My magie voel nou sommer baie beter. Is jy lus om 'n speletjie te speel?"

Die eerste vissie wil graag 'n speletjie speel, en die twee vissies jaag mekaar heen en weer in die visbak en probeer om mekaar se stertjies te hap. Hulle lag tog te lekker! Dis groot pret! Nadat hulle 'n hele ruk gespeel het, is hulle baie moeg.

"Ek dink ek gaan nou so 'n bietjie rus," sê die eerste vissie. "Ek is moeg."

Die twee vissies groet mekaar en swem weg om te gaan rus. Die eerste vissie swem om die draai, en raai bietjie wat sien hy daar? Dis sowaar 'n ander vissie wat net soos hy lyk!

"Goeiemôre, vissie!" roep hy opgewonde uit en waai met sy vinnetjie. "Waar kom jy dan vandaan? Ek dag ek is alleen in hierdie bak!"

Die ander vissie is net so opgewonde. "Ek dag ook ek is alleen in hierdie bak! Bly om te sien jy is ook hier. Nou het ek darem iemand om mee te praat."

Die twee vissies swem 'n entjie saam, en dan sê die eerste vissie: "Ek wonder wanneer kry ons dan weer 'n slaggie kos? Ek is baie honger. Ek dink die mense het dae laas vir ons kos gegee!"

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

Twee vissies in 'n bak illustrasie deur Elanie Bieldt

